



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2012**

**EKONOMIE  
MEMORANDUM**

**PUNTE: 300**

---

Hierdie memorandum bestaan uit 19 bladsye

---

**AFDELING A****VRAAG 1 (LU1 – LU4)**

1.1

LU1	1.1.1	C ✓✓	sakesiklus		
	1.1.2	B ✓✓	openbare		
	1.1.3	A ✓✓	ruilvoet		
LU2	1.1.4	B ✓✓	vraag en aanbod.		
	1.1.5	C ✓✓	Subsidie		
	1.1.6	A ✓✓	ekonomiese wins		
LU3	1.1.7	C ✓✓	HOP		
	1.1.8	A ✓✓	ROI		
	1.1.9	C ✓✓	vryhandel.		
LU4	1.1.10	B ✓✓	debiteure bevoordeel.		
	1.1.11	B ✓✓	eko-toeriste		
	1.1.12	A ✓✓	CITES	(12 x 2)	(24)

1.2

1.2.1	Reële vloei ✓✓				
1.2.2	Beheerde swewing ✓✓				
1.2.3	Oligopolie ✓✓				
1.2.4	Noord-Suid verdeling ✓✓				
1.2.5	Stagflasie ✓✓			(5 x 2)	(10)

1.3

1.3.1	C ✓✓	Direkte of indirekte verpligte betalings aan die regering.			
1.3.2	H ✓✓	Toon die verhouding tussen belasting inkome en belastingkoers.			
1.3.3	I ✓✓	Wins maksimalisering.			
1.3.4	F ✓✓	'n Voorbeeld van 'n negatiewe eksternaliteit.			
1.3.5	A ✓✓	Afskaffing van beperkende wette en regulasies.			
1.3.6	D ✓✓	Aansporings om oorsese verkope te verhoog.			
1.3.7	E ✓✓	'n Oorsaak van koste-druk inflasie.			
1.3.8	B ✓✓	Hulpbronne wat aangevul of vervang kan word.	(8 x 2)	(16)	

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B** (Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling.)**VRAAG 2 (LU1 AS1 – AS4)**

- 2.1 2.1.1 reële ✓✓  
 2.1.2 Kondratieff ✓✓  
 2.1.3 Ouditeur-Generaal ✓✓  
 2.1.4 afname ✓✓ (4 x 2) (8)

2.2 Noem die DRIE soorte wisselkoers stelsels.

- Vaste wisselkoers ✓✓
- Vry swewende wisselkoers ✓✓
- Beheerde / Beheerde swewende wisselkoers ✓✓ (3 x 2) (6)

2.3 **DATA RESPONS**

2.3.1 Verwys na 'n klein toename in besteding wat lei tot 'n proporsionele groter toename in nasionale inkome. ✓✓ (2)

2.3.2 Hoe hoër die mvg, hoe hoër sal die vermenigvuldiger wees. ✓✓  
 Vermenigvuldiger is direk proporsioneel tot die mvg. ✓✓ (Enige 1 x 2) (2)

2.3.3 Vermenigvuldiger =  $\frac{1}{1 - mvg}$ .  
 =  $\frac{1}{1 - 0,6}$  ✓  
 =  $\frac{1}{0,4}$  ✓  
 = 2,5 ✓✓  
 Vermenigvuldiger effek = R1 biljoen x 2,5 = R2,5 biljoen ✓✓ (6)

2.4 **DATA RESPONS**

2.4.1 Toon die inkome en besteding oor 'n drie jaar periode. ✓✓ (2)

2.4.2 Onderwys ✓✓ (2)

2.4.3 • Lig die parlement in oor veranderinge in die ekonomie sedert die hoofbegroting. ✓✓  
 • Toon die verwickelinge in openbare beleid aan wat die volgende begroting sal vorm. ✓✓ (4)

2.4.4 Mnr. Pravin Gordhan ✓✓ (2)

2.5 Bespreek 'ekstrapolasie' as 'n kenmerk van vooruitskattings.

- Tegniek wat gebruik word om toekoms te voorspel deur inligting uit die verlede te gebruik. ✓✓
- Dit behels die verlenging van die kurwe deur te aanvaar dat strukturele veranderlikes dieselfde sal bly. ✓✓
- Verlenging van 'n tendens mag inligting gee oor wat moontlik mag gebeur. ✓✓
- Tendenslyn kan verleng word vir die lengte van die siklus. ✓✓
- Kanaal lyne en weerstand punte moet in berekening gebring word by die tendens van 'n kurwe. ✓✓
- Voorspelling van ekonomiese gedrag deur ekstrapolasie te gebruik is onbetroubaar. ✓✓ (Enige 4 x 2) (8)

2.6 Verduidelik die 'vloei' in 'n kringloop kortliks.

- Vloei is ekonomiese veranderlikes wat oortyd plaasvind. ✓✓
  - Daar is twee vloei: geldvloei en reële vloei. ✓✓
  - Vloei van goedere en dienste en produksiefaktore word na verwys as die reële vloei. ✓✓
  - Inkomme en besteding word na verwys as die geldvloei. ✓✓
  - Vir elke reële vloei is daar 'n geldvloei in die teenoorgestelde rigting. ✓✓ (Enige 4 x 2) (8)
- [50]**

**VRAAG 3 (LU2 AS1 – AS3)**

- 3.1 3.1.1 volmaakte ✓✓  
 3.1.2 interne ✓✓  
 3.1.3 kunsmatige ✓✓  
 3.1.4 onafhanklik ✓✓ (4 x 2) (8)

3.2 Noem enige DRIE kenmerke van 'n monopolie.

- Gekonfronteer met vraagkurwes ✓✓
- Besluit oor hulle produksievlakke ✓✓
- Blootgestel aan markkragte. ✓✓
- Geen naby substitute. ✓✓
- Slegs een verkoper. ✓✓
- Prysmakers. ✓✓
- Buit verbruikers uit. ✓✓
- Beskerm teen toegang. ✓✓
- Geniet gunstige omstandighede. ✓✓ (Enige 3 x 2) (6)

**3.3 DATA RESPONS**

- 3.3.1 Om SA verbruikers te red van prysvasstelling (prys-roofdiere). ✓✓ (2)
- 3.3.2
- Om misbruik van monopolistiese mag te verhoed. ✓✓
  - Om die markkrag deur samesmeltings en oornames te reguleer ✓✓
  - Om prysvasstelling en samespanning te verhoed. ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

- 3.3.3
- Die Mededingingskommissie ✓✓
  - Die Mededingingstribunaal ✓✓
  - Die Mededingingsappèlhof ✓✓
- (Enige 2 x 2) (4)

### 3.4 DATA RESPONS

- 3.4.1 Onvermoë van markte om die hoeveelheid goedere en dienste te produseer wat verbruikers vra, teen 'n prys wat grensnut en relatiewe skaarsheid aantoon. ✓✓ (2)

- 3.4.2
- Eksternaliteite ✓✓
  - Openbare goedere ✓✓
  - Meriete en nie-meriete goedere ✓✓
  - Volmaakte mededinging ✓✓
  - Gebrek aan inligting ✓✓
  - Advertensies ✓✓
  - Onbeweeglikheid van produksiefaktore ✓✓
  - Ongelyke verspreiding van inkomme en rykdom ✓✓
- (Enige 3 x 2) (6)

- 3.4.3 • Eksternaliteite ✓✓ (2)

### 3.5 Verduidelik kortliks die 'sluitingspunt' in 'n volmaak mededingende mark.

- Wins maksimalisering is waar  $MI = MK$ . ✓✓
  - Die onderneming moet oorweeg om te sluit as  $TI < \text{Totale koste of produksie}$ . ✓✓
  - As  $TI < TVK$ , behoort sluiting oorweeg te word. ✓✓
  - As prys laer as  $MI/MK$  is, sal die besigheid nie sy GVK kan dra nie. ✓✓
  - As besigheid nie GVK kan dra nie, is dit beter om te sluit. ✓✓
  - Die punt waar prys minder is as GVK is staan bekend as die sluitingspunt. ✓✓
- (Enige 4 x 2) (8)

### 3.6 Bespreek 'produkt differensiasie' as 'n kenmerk van monopolistiese mededinging.

- Produkte is nie identies nie. ✓✓
  - Gedifferensieerde produkte is dieselfde in baie opsigte. ✓✓
  - Ooreenkomste beteken dat dit dieselfde behoeftes bevredig. ✓✓
  - Verskille mag denkbeeldig wees. ✓✓
  - Dit mag verskillende handelsname hê, maar dit bevat dieselfde inhoud. ✓✓
  - Dienste van verkopers maak die produk verskillend. ✓✓
  - Verskille in verpakking. ✓✓
  - Verpakking van produkte maak dit verskillend van ander produkte. ✓✓
- (Enige 4 x 2) (8)

**VRAAG 4 (LU3 AS1 – AS4)**

- 4.1 4.1.1 ontwikkeling ✓✓  
 4.1.2 NOS ✓✓  
 4.1.3 ad valorem ✓✓  
 4.1.4 ekonomiese ✓✓ (4 x 2) (8)
- 4.2 DRIE voorbeelde van kontantvoordele wat herverdeling van inkome verseker.  
 • Werkloosheidsversekering ✓✓  
 • Ongeskiktheidstoelae ✓✓  
 • Kindersorgtoelae ✓✓  
 • Ouderdomspensioen ✓✓ (Enige 3 x 2) (6)
- 4.3 **DATA RESPONS**
- 4.3.1 Die vervanging van goedere wat voorheen ingevoer was. ✓✓ (2)
- 4.3.2 Nywerheids Ontwikkelings Korporasie. ✓✓ (2)
- 4.3.3  
 • Yskor ✓✓  
 • Sasol ✓✓  
 • Krygkor ✓✓ (Enige 1 x 2) (2)
- 4.3.4  
 • Om plaaslike nywerhede te ontwikkel. ✓✓  
 • Om indiensname te verhoog. ✓✓  
 • Om die betalingsbalans te verbeter. ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)
- 4.4 **DATA RESPONS**
- 4.4.1 Die aantal babas wat sterf voordat hulle die ouderdom van 1 jaar bereik, per duisend lewendige geboortes. ✓✓ (2)
- 4.4.2  
 • Sanitasie ✓✓  
 • Elektrisiteit ✓✓  
 • Vullisverwydering ✓✓  
 • Watervoorsiening ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)
- 4.4.3  
 • Kindermortaliteit ✓✓  
 • Onder-vyf-mortaliteit ✓✓  
 • Gesondheid besteding ✓✓  
 • Toegang tot skoon drinkwater ✓✓  
 • Toegang tot sanitasie geriewe ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

4.5 Bespreek enige TWEE monetêre beleidsinstrumente wat gebruik word as 'n Suid-Afrikaanse benadering vir groei en ontwikkeling.

1. **Veranderinge in rentekoerse.** ✓✓

- Om krediet duurder of goedkoper te maak. ✓✓
- Om wisselkoerse te stabiliseer deur kapitaal invloei en uitvloei aan te moedig. ✓✓

2. **Ope mark transaksies.** ✓✓

- Aankoop van sekuriteite in die ope mark om kredietskepping aan te moedig. ✓✓
- Verkoop van sekuriteite in die ope mark beperk kredietskepping. ✓✓

3. **Morele oorreding** ✓✓

- Oorreed banke om in 'n sekere manier te handel, volgens die ekonomiese toestand van die ekonomie. ✓✓ (Enige 2 x (2 x 2)) (8)

4.6 Verduidelik kortliks die 'Vaardigheidsondersteuningsprogram' as 'n aansporing wat deur die DHN aangebied word.

- Kontant toelaes vir vaardigheidsontwikkeling. ✓✓
- Om groter investering in opleiding aan te moedig. ✓✓
- Om die ontwikkeling van nuwe gevorderde vaardighede aan te moedig. ✓✓
- Vervaardigings besighede wat kwalifiseer vir KMOOP, kan aansoek doen. ✓✓
- Word oor drie jaar tydperk gedoen. ✓✓
- Maksimum van 50% van opleidingskoste. ✓✓ (8)

[50]

**VRAAG 5 (LU4 AS1 – AS3)**

5.1 5.1.1 prys indekse ✓✓

5.1.2 hooflyn ✓✓

5.1.3 fisiese ✓✓

5.1.4 bewaring ✓✓

(4 x 2) (8)

5.2 Noem enige DRIE redes vir die groei in wêreldwye toerisme.

- Toename in besteebare inkome ✓✓
- Vermindering in werksure ✓✓
- Bewusmaking van plesier en ontspanning ✓✓
- Verbeterde infrastruktuur ✓✓
- Toename in advertensies en promosies ✓✓
- Bewusmaking van voordele van toerisme ✓✓
- Gerieflike verkryging van buitelandse valuta ✓✓ (Enige 3 x 2) (6)

### 5.3 DATA RESPONS

#### 5.3.1 VPI:

Meet die koste van 'n verteenwoordigende mandjie goedere vir die verbruiker. ✓✓

#### PPI:

Meet die koste van produksie van die verteenwoordigende mandjie van goedere wanneer dit die fabriek verlaat. ✓✓

(4)

#### 5.3.2 • Onderdrukte plaaslike vraag. ✓✓

- Appresiasie in die eksterne waarde van die rand. ✓✓

(4)

#### 5.3.3 6% ✓✓

(2)

### 5.4 DATA RESPONS

5.4.1 Die vermoë van die omgewing om ekonomiese aktiwiteite te oorleef. ✓✓

(2)

#### 5.4.2 • 'n Bron van inkomste ✓✓

- Bespaar miljoene op munisipale begrotings ✓✓
- Drie maal meer inkomste as stortingsterreine ✓✓
- Skep ses maal meer werkgeleenthede ✓✓

(Enige 3 x 2)

(6)

#### 5.4.3 • Heffings vir die gebruik van die omgewing. ✓✓

- Omgewings belastings. ✓✓
- Omgewings subsidies ✓✓
- Bemerkbare permitte ✓✓

(Enige 1 x 2)

(2)

### 5.5 Omskryf 'inflasie' as 'n ekonomiese begrip, kortliks.

- Dis 'n proses – nie 'n enkele nie-herhalende aktiwiteit. ✓✓
- Volgehoue toestand – pryse bly styg. ✓✓
- Die prysstygning moet beduidend wees. ✓✓
- Daar is 'n algemene styging in pryse. ✓✓
- Styging in prys van geïsoleerde goedere dui nie op inflasie nie. ✓✓
- Daar is 'n afname in die koopkrag van geld. ✓✓

(Enige 4 x 2)

(8)

### 5.6 Bespreek 'toekenning van eiendomsregte' as 'n maatreël van openbare sektor inmenging met verwysing na omgewingsvolhoubaarheid.

- Om te voorkom dat flora- en fauna spesies uitgewis word. ✓✓
- Verseker dat eienaars behoorlik omsien na dinge wat aan hulle behoort. ✓✓
- Eienaars sal probeer om dit so lank as moontlik winsgewend te bedryf. ✓✓
- Eiendomsregte sal help met bewaring teen 'n geringe koste van die belastingbetalers. ✓✓
- Maar eiendomsregte is nie moontlik in alle gevalle nie. ✓✓

(Enige 4 x 2)

(8)

**[50]**



**VRAAG 6 (LU1 en LU2)**

- 6.1 6.1.1 lekkasie ✓✓  
 6.1.2 privatisering ✓✓  
 6.1.3 volmaakte mededinging ✓✓  
 6.1.4 nie-meriete ✓✓ (4 x 2) (8)
- 6.2 Noem die DRIE regerings benaderings ten einde die invloed van negatiewe eksternaliteite te verminder.  
 • Oorreding ✓✓  
 • Die prysmeganisme ✓✓  
 • Direkte beheer ✓✓ (Enige 3 x 2) (6)
- 6.3 **DATA RESPONS**
- 6.3.1 Sakesiklus ✓✓ (2)
- 6.3.2 • B tot C = Depressie ✓✓  
 • D tot E = Voorspoed ✓✓ (4)
- 6.3.3 Tendenslyn ✓✓ (2)
- 6.3.4 Tegnieke wat gebruik word om die toekoms te voorspel m.b.v. huidige data. ✓✓ (2)
- 6.4 **DATA RESPONS**
- 6.4.1 Wanneer samespanning tussen oligopoliste openlik en formeel plaasvind. ✓✓ (2)
- 6.4.2 Oligopolie ✓✓ (2)
- 6.4.3 • Hoër winste ✓✓  
 • Minder onsekerheid ✓✓  
 • Moeilik vir nuwe besighede om toe te tree. ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)
- 6.4.4 OPEC ✓✓ (2)
- 6.5 Verduidelik kortliks enige TWEE vraagredes vir internasionale handel.
1. **Effektiewe behoeftes** ✓✓  
 • Daar is verskillende vraag vir individue. ✓✓  
 • Smaak speel 'n belangrike rol. ✓✓
2. **Inkome** ✓✓  
 • As inkome toeneem, sal daar 'n toename in vraag na plaaslike en ingevoerde goedere wees. ✓✓
3. **Internasionale migrasie** ✓✓  
 • Immigrante het vraag na goedere uit hulle land van oorsprong. ✓✓

4. **Godsdien, kulturele, sosiologiese en leefstyl verskille** ✓✓  
 • Verskille tussen lande sal verbruikspatrone bepaal. ✓✓
5. **Vlakke van ekonomiese ontwikkeling** ✓✓  
 • Minder ontwikkelde lande bestee meer op voedsel terwyl ontwikkelde lande meer bestee op luukse. ✓✓ (Enige 2 x 4) (8)

6.6 Bespreek die rasionaal vir 'n 'koste-voordeel-ontleding'.

- KVO is 'n waardevolle tegniek wat help met neem van ingeligte besluite. ✓✓
- Dit help met die doeltreffende toekenning van hulpbronne. ✓✓
- Dis 'n tegniek wat gebruik word om die koste en voordele van 'n ekonomiese aktiwiteit te meet. ✓✓
- Dit word gebruik om die projek se opbrengskoers te bepaal. ✓✓
- Dit word ook gebruik om die toekomstige koste en voordele asook die huidige waarde te bereken. ✓✓
- Die tegniek bring groter objektiwiteit tot die besluitneming. ✓✓ (Enige 4 x 2) (8)

[50]

**AFDELING C** (Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.)

**VRAAG 7 (LU1 AS3)**

Bespreek die doelwitte van die openbare sektor en sluit jou bespreking af deur die uitwerking van fiskale beleid te verduidelik

**INLEIDING**

Die regering pas fiskale beleid toe met die doel om die regering se makro-ekonomiese doelwitte te bereik. ✓✓✓ (aanvaar enige toepaslike inleiding) (3)

**INHOUD**

**Doelwitte van die Openbare sektor**

1. **Ekonomiese groei** ✓✓
  - Toename in die produksie van goedere en dienste in die ekonomie. ✓✓
  - Gemeet kragtens reële BBP. ✓✓
  - Ekonomiese groei moet hoër as bevolkingsgroei wees. ✓✓
  - Hoër groei en ontwikkeling lei tot hoër lewenstandaard. ✓✓
2. **Volle indiensneming** ✓✓
  - 'n Belangrike doelwit vir alle regerings. ✓✓
  - Beteken alle individue wat werk soek, moet werk kry. ✓✓
3. **Wisselkoers stabiliteit / Betalingsbalans stabiliteit** ✓✓
  - Depresiasies en appresiasies skep onsekerheid. ✓✓
  - Skommelings in die waarde van 'n geldeenheid behoort beperk te word. ✓✓
  - Regering behoort toe te sien dat die wisselkoers stabiel bly. ✓✓

4. **Prys stabiliteit** ✓✓
  - Ekonomiese groei en indiensname sal verbeter as pryse stabiel is. ✓✓
  - In RSA word prys stabiliteit bereik wanneer die inflasiekoers tussen 3% en 6% is. ✓✓
  
5. **Ekonomiese regverdigheid / Gelyke verdeling van inkome** ✓✓
  - Herverdeling van inkome en rykdom is noodsaaklik. ✓✓
  - Progressiewe belastingkoerse word aangewend om dit te bereik. ✓✓
  - Inkome uit belasting word gebruik om openbare en sosiale dienste te finansier. ✓✓

(Maks. 10 x 2) (20)

**Uitwerking van Fiskale beleid**

1. **Inkomeverdeling** ✓✓
  - Progressiewe belasting maak inkome meer eweredig verspreid. ✓✓
  - Besteding aan sosiale en welsyn betalings verhoog die inkome van arm mense. ✓✓
  
2. **Verbruik** ✓✓
  - Veranderinge in die belastingkoers sal verbruiksbesteding beïnvloed. ✓✓
  - Verbruik hang ook af van die vlak van besparing en die geneigdheid om te verbruik. ✓✓
  
3. **Prysvlak** ✓✓
  - Toename in direkte belasting verlaag inflasionêre druk en totale vraag. ✓✓
  - Toename in indirekte belasting sal prysvlak laat styg. ✓✓
  
4. **Aansporings** ✓✓
  - Toename in inkomstebelasting en maatskappy belasting verlaag die aansporing om te werk, te bespaar en te investeer. ✓✓
  - Hoë en progressiewe belastingkoers ontmoedig mense om hard te werk. ✓✓
  
5. **Laffer kurwe** ✓✓
  - Laffer kurwe verduidelik die verhouding tussen inkome en belasting koers. ✓✓
  - Hoë belastingkoers ontmoedig die werksmag. ✓✓
  - Volgens die Laffer kurwe, neem belasting inkome slegs toe tot by 'n sekere punt. ✓✓
  - By 'n sekere koers sal belasting inkome piek en dan afneem. ✓✓
  - 'n Verlaging in die inkomstebelasting koers sal meer mense aanmoedig om te werk en die belasting inkome sal weer toeneem. ✓✓
  - Teen 'n laer belastingkoers sal die belasting inkome hoër wees as teen 'n hoër belastingkoers. ✓✓
  
6. **Diskresie** ✓✓
  - Minister kan diskresie gebruik ten opsigte van 'n aantal fiskale beleidsbesluite. ✓✓
  - Sekere reëls word neergelê – tekorte-, leen- en skuldreël. ✓✓

(Maks. 10 x 2) (20)

**SLOT**

Die rigting van die fiskale beleid hang af van die spesifieke teiken van die sakesiklus. ✓✓ (aanvaar enige toepaslike slot) (2)

Gebruik die volgende assessering rubriek om bogenoemde bespreking mee te assesseer.

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van onderwerp nie.
1	Kandidaat toon ietwat begrip van die onderwerp, maar het belangrike aspekte weggelaat. (1 – 15 punte)
3	Kandidaat het die onderwerp korrek verstaan, maar het nie feite gekoppel aan die onderwerp nie. (16 – 30 punte)
5	Kandidaat het die onderwerp korrek verstaan en het feite aan die onderwerp gekoppel. (31 – 45 punte)

(5)  
[50]

**VRAAG 8 (LU2: AS2)**

Skryf 'n formele brief aan die Minister van die Plaaslike Regering en verduidelik owerheidsinmenging as 'n gevolg van markmislukkings.

S. Tshabalala  
Posbus 1000  
Mthatha ✓  
5100

Datum ✓

Aan:  
Die Minister  
Ministerie van Plaaslike Regering ✓  
Pretoria

(3)

Meneer

Re: Regeringsinmenging ✓✓

(2)

**A. Voorkoming van wantoekenning van hulpbronne** ✓✓

(2)

**1. Onvolledige markte** ✓✓

- Markmislukkings versteur die toekenning van hulpbronne. ✓✓
- Dit lei tot minder as optimale produksie. ✓✓
- Gemeenskapsgoedere en -dienste verhoed dat mededingende markte doeltreffend voorsien. ✓✓
- In meeste gevalle is dit onmoontlik om 'n prys te bepaal of om gebruikers te dwing om te betaal. ✓✓
- Kollektiewe goedere en dienste het sekere van die eienskappe van openbare goedere. ✓✓

- Hierdie goedere kan voorsien deur mededingende markte voorsien word, maar die hoeveelheid of die prys sal nie optimaal wees nie. ✓✓
- Staat moet hierdie goedere direk voorsien deur die heffing van belastings. ✓✓ (Maks. 3 x 2) (6)

## 2. Negatiewe Eksternaliteite ✓✓

- Regerings het verskillende benaderings gevolg om die invloed van negatiewe eksternaliteite te verminder. ✓✓
- Oorreding ✓
  - Om die gedrag van mense te verander, behels soms openbare veldtogte deur die regering ✓✓
- Prysmeganisme ✓
  - Heffing van belasting kan gebruik word om eksterne koste te verhaal. ✓✓
- Direkte beheer ✓
  - Regering kan wette gebruik om negatiewe eksternaliteite te verminder. ✓✓ (Maks.) (4)

## 3. Positiewe eksternaliteite ✓✓

- Prysmeganisme ✓
  - Meriete goedere wat deur die privaat sektor voorsien word, moet gesubsidieer word. ✓✓
  - Subsidies sal die verbruik van hierdie goedere verhoog deur die koste te verlaag. ✓✓
- Direkte beheer ✓
  - Verpligte onderwys, inentings en behandeling van sekere aanmeldbare siektes is voorbeelde. ✓✓
- Kunsmatige monopolieë (✓) kom voor waar volmaakte mededinging voorkom word deur beperkings op toetredes. ✓
- Natuurlike monopolieë (✓) ontwikkel in nywerhede waar groot kapitaaluitlegte nodig is. ✓
- Regering kan verskeie instrumente gebruik om regstellings mee te maak. ✓✓
- Mededinging uit die buiteland kan gebruik word. ✓✓
- Plaaslike mededinging kan bevorder word. ✓✓
- Beheerliggame of regulerende owerhede kan gebruik word. ✓✓
- Statutêre vereistes kan ook gebruik word om uitermatige pryse te beheer. ✓✓ (Maks.) (6)

## B. Verbetering van inkomeverdeling ✓✓ (2)

- Vryemark kragte verbeter nie inkome en rykdom verdeling nie. ✓✓
- Regerings gebruik 'n kombinasie van belastings en subsidies om herverdeling te weeg te bring. ✓✓
- **Tradisionele metodes** (✓) verwys na die heffing van belastings om gratis dienste aan die armes te voorsien. ✓
- **Regstelling** (✓) het betrekking op die gebruik van die wet om herverdeling af te dwing. ✓

- Bv. SEB, regstellende aksie, bemagtiging, grondhervorming en grondherverdeling, eiendom subsidies, HOP huise, ens. ✓✓
- **Minimum lone** (✓) word ook gebruik om herverdeling van inkome af te dwing. ✓
- Ongeskoolde werkers is in 'n ongunstige posisie ten tye van onderhandelings met hul werkgewers. ✓✓
- **Maksimum pryse/Prys plafon** (✓) word deur regering ingestel tot voordeel van die armes. ✓
- **Minimum pryse** (✓) word gehief op basiese voedselsoorte om te verseker dat voldoende hoeveelhede geproduseer word. ✓
- **Subsidies op goedere** (✓) het die uitwerking om die pryse van sulke goedere af te dwing. ✓ (Maks.) (10)

**C. Bevorder makro-ekonomiese stabiliteit** ✓✓ (2)

- As makro-ekonomiese doelwitte nie bereik word nie, word dit as 'n markmislukking beskou. ✓✓
- Regeringsinmenging fokus op vraagkant en aanbodkant van die ekonomie. ✓✓
- Mees belangrike vraagkant beleide is monetêre en fiskale beleide. ✓✓
- Aanbodkant probleme soos gebrek aan inligting en onbeweeglikheid van produksiefaktore moet verwyder word. ✓✓ (Maks. 3 x 2) (6)

Die uwe ✓

S. Tshabalala ✓ (2)

Gebruik die volgende assessering rubriek om bogenoemde bespreking mee te assessee.

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van onderwerp nie.
1	Kandidaat toon ietwat begrip van die onderwerp, maar het belangrike aspekte weggelaat. (1 – 15 punte)
3	Kandidaat het die onderwerp korrek verstaan, maar het nie feite gekoppel aan die onderwerp nie. (16 – 30 punte)
5	Kandidaat het onderwerp korrek verstaan en het feite aan die onderwerp gekoppel. (31 – 45 punte)

(5)  
[50]

**VRAAG 9 (LU3 AS4)**

Skryf 'n gedetailleerde opstel oor die ekonomiese aanwysers onder die volgende hoofde: Produksie, Indiensneming en Prysveranderinge.

**INLEIDING**

Ekonomiese aanwysers word gebruik om die prestasie van die ekonomie te meet. ✓✓✓ (aanvaar enige toepaslike inleiding) (3)

**INHOUD****A. Produksie**

- Produksie van 'n ekonomie word gemeet kragtens BBP. ✓✓
- BBP kan d.m.v. produksie-, inkome- of bestedingsmetode bereken word. ✓✓
- BBP is die waarde van finale goedere wat binne 'n sekere tydperk binne die grense van 'n land geproduseer is. ✓✓

**1. BBP teen heersende pryse ✓✓**

- BBP bereken teen mark- of heersende pryse word nominale BBP genoem. ✓✓
- Nominale BBP toon die monetêre waarde van goedere en dienste. ✓✓

**2. Reële BBP ✓✓**

- Groeiprestasie van die ekonomie word kragtens reële BBP gemeet. ✓✓
- Reële BBP word verkry wanneer die uitwerking van inflasie verwyder word uit die nominale BBP. ✓✓
- Reële BBP word gebruik om reële totale ekonomiese aktiwiteit en beweging van die sakesiklus aan te toon. ✓✓
- Dit word ook gebruik vir voorspellings. ✓✓

**3. Per capita reële BBP ✓✓**

- Ekonomiese groei laat mense toe om meer goedere en dienste te gebruik. ✓✓
- Maar as die bevolking vinniger groei as die ekonomie, sal mense slegter daaraan toe wees. ✓✓
- Daarom word per capita reële BBP bereken. ✓✓
- Per capita reële BBP is reële BBP gedeel deur die bevolkingsgetal. ✓✓
- 'n Toename in per capita reële BBP toon 'n verbetering in die lewenstandaard. ✓✓
- Per capita syfers toon ekonomiese ontwikkeling, lewenspeil en vergelyk ook lewenstandaarde. ✓✓ (Enige 7 x 2) (14)

**B. Indiensneming****1. Ekonomiese Bedrywige Bevolking ✓✓**

- Mense tussen 15 en 65 jaar wat bereid is om te werk, staan as die ekonomiese bedrywige bevolking (arbeidsmag) bekend. ✓✓
- Mense in hierdie groep is werkers in die formele en informele sektor, werkgewers en selfindiensgeneemde persone en werklose persone. ✓✓

**2. Indiensnemings / Indiensnemings koers ✓✓**

- Aantal persone in diens uitgedruk as 'n persentasie van die EBB. ✓✓
- Indiensnemings koers in RSA is laag in vergelyking met ontwikkelde lande. ✓✓
- Aanwysers van indiensneming word gebruik vir ter berekening van tendense en strukturele veranderinge in die ekonomie. ✓✓
- Dit word ook gebruik om produktiwiteit te bereken. ✓✓
- Dit dui ook op die sukses van die ekonomie om sy volle potensiaal te bereik. ✓✓

**3. Werkloosheid ✓✓**

Persone in die EBB wat:

- in die sewe dae voor die onderhoud nie gewerk het nie ✓✓
- wil werk en bereid is om binne 'n week te begin werk ✓✓
- besliste stappe gedoen het om werk te soek ✓✓
- Werkloosheid is die mees belangrike oorsaak van armoede. ✓✓

(Enige 7 x 2) (14)

**C. Prysveranderinge**

- Prysveranderinge is deel van 'n markesekonomie. ✓✓
- As abnormale prysveranderinge oor langer periodes voorkom, word dit inflasie of deflasie genoem. ✓✓
- Inflasie is 'n aanwyser van die gesondheidstoestand van die ekonomie. ✓✓
- Inflasie word gemonitor deur die PPI en die VPI ✓✓

**Produksiepryse ✓✓**

- Dit word gebruik om pryse van goedere te meet wanneer dit die fabriek verlaat of wanneer ingevoerde goedere die land binnekom. ✓✓
- PPI dien as aanwyser om verbruikersgoedere inflasie te voorspel. ✓✓

**Verbruikerspryse ✓✓**

- VPI toon prysveranderinge van 'n mandjie verbruikersgoedere van 'n gemiddelde huishouding. ✓✓
- VPI is die mees omvattende aanwyser van verbruikersprys inflasie ✓✓
- VPIX toon die inflasiekoers wat die uitwerking van verbande se rentekoerse uitsluit. ✓✓
- Rentekoerse word deur die SARB gebruik om inflasie te beheer. ✓✓

(Enige 6 x 2) (12)

**SLOT**

Pro-sikliese aanwysers beweeg in een rigting, terwyl teen-sikliese aanwysers in 'n teenoorgestelde rigting beweeg. ✓✓

(aanvaar enige toepaslike slot) (2)



Gebruik die volgende assessering rubriek om bogenoemde bespreking mee te assesser.

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van onderwerp nie.
1	Kandidaat toon ietwat begrip van die onderwerp, maar het belangrike aspekte weggelaat. (1 – 15 punte)
3	Kandidaat het die onderwerp korrek verstaan, maar het nie feite gekoppel aan die onderwerp nie. (16 – 30 punte)
5	Kandidaat het onderwerp korrek verstaan en het feite aan die onderwerp gekoppel. (31 – 45 punte)

(5)  
[50]

### VRAAG 10 (LU4 AS2)

Beleidsvoorstelle om toerisme te bevorder.

#### INLEIDING

Die beleidsvoorstelle streef daarna om voordele van toerisme te verseker en te versnel vir alle Suid-Afrikaners. ✓✓✓

Dit wil die toerisme industrie volhoubaar maak om die lewenstandaard van Suid-Afrikaners te verbeter. ✓✓✓ (Maks.) (3)

#### INHOUD

##### A. Bemarking ✓✓

- Die bemarking en promosie van SA toerisme is baie belangrik. ✓✓
- Suid-Afrikaanse toeriste-aantreklikhede moet bevorder word as toeriste bestemmings. ✓✓
- Generiese bemarking (Suid-Afrika as geheel) moet gedoen word. ✓✓
- SA-Toerisme is hiervoor tot stand gebring. ✓✓
- Generiese bemarkingsprogramme moet ingesluit word by reisagente. ✓✓
- Faktore soos waarde vir geld, die politiese wonderwerk, klimaat, vriendelikheid, ens. moet beklemtoon word. ✓✓
- Plaaslike bemarking moet landsburgers aanmoedig om 'n groot verskeidenheid bestemmings- en groep toere te oorweeg. ✓✓
- Doelwitte soos biodiversiteit, kultuur, sport, ontspanning, ens. moet bevorder word. ✓✓
- Bestemmings soos Wêreld Erfenisgebiede, Kruger Nasionale Park, ens. moet beklemtoon word. ✓✓ (Enige 6 x 2) (12)

##### B. Ruimtelike verspreiding ✓✓

- Meeste toeriste gaan na dieselfde bekende bestemmings. ✓✓

**1. Skep verteenwoordigende liggame ✓✓**

- Bedryf waarbinne 'n aantreklikheid val, kan 'n verteenwoordigende liggaam stig vir effektiewe bemarking. ✓✓
- Omskryf die produk meer aanloklik. ✓✓
- Hef mededingende pryse. ✓✓
- Produkte moet bemark word met in ag genome die fokus, bewoording, tyd en medium. ✓✓
- Ligging en toeganklikheid van die aantreklikheid is ook belangrik. ✓✓

**2. Verbeter en brei ondersteunende dienste uit ✓✓**

- Die oorsaak van ongelyke verspreiding van toeriste is die gebrek aan ondersteunende dienste. ✓✓
- **Akkommodasie** (✓) – voldoende geriewe moet voorsien word ✓
- **Dienste** (✓) – 'n Toenemende reeks fasiliteite en dienste behoort verskaf te word. ✓
- **Toeganklikheid** (✓) – Die ontwikkeling en onderhoud van vervoer-fasiliteite is noodsaaklik ✓
- **Aanvullende dienste** (✓) – aan beide verbruiker en die industrie d.m.v. skakeling en inligting. ✓

**3. Verbeter bemarking ✓✓**

4 x P's:

- **Produk** (✓) – word produk op beste manier beskryf? ✓
- **Prys** (✓) – moet mededingend wees. ✓
- **Promosie** (✓) – heroorweeg alle aspekte van advertering. ✓
- **Plek** (✓) – ligging en toeganklikheid is belangrik. ✓ (Maks.) (14)

**A. Belasting ✓✓**

- Groei in toerisme lei tot groei in toeriste belastings. ✓✓
- Meeste lande gebruik dit as bron van staats inkome. ✓✓
- Belastings behoort verhoog te word in ooreenstemming met riglyne. ✓✓
- **Billikheid** (✓) – Belastings moet billik wees in vergelyking met ander sektore. ✓
- **Doeltreffendheid** (✓) – Belastings moet minimale uitwerking op die vraag na reis en toerisme hê. ✓
- Belastings moet gebruik word om vloei van toeriste na sekere gebiede te reguleer. ✓✓
- **Eenvoud** (✓) – Belastings behoort eenvoudig te wees om te betaal en te administreer. ✓

(Maks.) (8)

**B. Infrastruktuur ✓✓**

- Vereis ekonomiese en sosiale infrastruktuur en basiese dienste ✓✓
- **Meer infrastruktuur** (✓) – Fisiese infrastruktuur behoort toe te neem as toerisme toeneem. ✓
- Gebrek aan kwaliteit infrastruktuur verlaag toeriste vloei. ✓✓
- **Opgradering** (✓) – as uitbreiding nie moontlik is nie, behoort opgradering gedoen te word. ✓
- **Nuwe tegnologie** (✓) – behoort in alle gebied geïmplementeer te word om toerisme produkte plaaslik en internasionaal te bemark. ✓

(Maks.) (6)

**SLOT**

Die beleid voorstelle probeer die praktiese lewering van toerisme voordele aan alle Suid-Afrikaners verseker en versnel. ✓✓ (2)

Gebruik die volgende assessering rubriek om bogenoemde bespreking mee te assesser.

<b>PUNTE</b>	<b>INTERPRETASIE VAN ONDERWERP</b>
<b>0</b>	Kandidaat toon geen begrip van onderwerp nie.
<b>1</b>	Kandidaat toon ietwat begrip van die onderwerp, maar het belangrike aspekte weggelaat. <b>(1 – 15 punte)</b>
<b>3</b>	Kandidaat het die onderwerp korrek verstaan, maar het nie feite gekoppel aan die onderwerp nie. <b>(16 – 30 punte)</b>
<b>5</b>	Kandidaat het onderwerp korrek verstaan en het feite aan die onderwerp gekoppel. <b>(31 – 45 punte)</b>

(5)  
[50]

**TOTAAL AFDELING C: 100**

**GROOTTOTAAL: 300**